

# St. Elisabet & St. Sagaria

## 5 November

(1ste eeu)

Hulle was die ouers van die heilige Johannes die Doper. Elisabet was ‘n familielid van die Maagd Maria en uit die nageslag van Aäron, haar man Sagaria was ’n priester in die Tempel in Jerusalem. *“Hulle was albei regverdig in die oë van God en het onberispelik volgens al die gebooie en voorskrifte van die Here geleef.”* (Luk 1:6). Op ’n hoë ouderdom en op wonderbaarlike wyse het Elisabet geboorte geskenk aan Johannes. By Maria se besoek aan Elisabet is laasgenoemde met die Heilige Gees vervul en het sy hardop uitgeroep: *“Geseënd is jy onder die vroue! Geseënd is die vrug van jou moederskoot! Wie is ek, dat die moeder van my Here na my toe kom? Kyk, net toe ek jou groet hoor, het die kindjie in my moederskoot van uitbundige blydskap opgespring. En gelukkig is sy wat geglo het dat die Here se beloftes aan haar vervul sal word.”* (Luk 1:42-45)

© Die Oratorium Uitgewery